# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
# *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**FEBRUARY / *FEBRUARIE***
**MARCH / *MAART***

**2005**

## BIBLICAL STUDIES

## *BYBELKUNDE*

SG 501-2/0

BIBLICAL STUDIES SG

501 2 0 SG

X05

**8 pages**
***8 bladsye***

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

## GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**BYBELKUNDE SG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord VYF vrae.
- Vraag 1 (Afdeling A) is VERPLIGTEND.
- Al die onderafdelings van die vraag moet beantwoord word.
- Verder moet jy nog TWEE vrae uit Afdeling B en TWEE vrae uit Afdeling C beantwoord.
- Die lengte van jou antwoord moet in ooreenstemming wees met die punte wat aan die vraag toegeken is.

## AFDELING A
## VERPLIGTEND

### VRAAG 1
### KORTVRAE

Vrae 1.1 tot 1.15 bestaan uit kortvrae. Skryf die nommer van die vraag (asook die nommer van die onderafdeling) in jou **antwoordboek** neer en skryf dan die antwoord langsaan.

1.1 Wat is die betekenis van die woord **evangelie**? (2)

1.2 Identifiseer die volgende persone:

1.2.1 Hy was 'n tollenaar (belastinggaarder) voordat hy 'n dissipel geword het.

1.2.2 Hy het bekend gestaan as die geliefde dissipel.

1.2.3 Hy voorspel dat God Sy seun uit Egipte geroep het. 2x3=(6)

1.3 Elk van die volgende kenmerke kan in een van die Sinoptiese Evangelies gevind word. Identifiseer die Evangelie in elke geval:

1.3.1 Hierdie Evangelie is die kortste.

1.3.2 Hierdie Evangelie is waarskynlik deur 'n mediese dokter geskryf.

1.3.3 Hierdie Evangelie is geskryf deur 'n Jood vir Jode. 2x3=(6)

## GAUTENG DEPARTMENT OF EDUCATION

## SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION

**BIBLICAL STUDIES SG**

**TIME: 3 hours**

**MARKS: 300**

---

**INSTRUCTIONS:**

- Answer FIVE questions.
- Question 1 (Section A) is COMPULSORY.
- All the subsections of the question must be answered.
- In addition, you must answer TWO questions from Section B and TWO questions from Section C.
- The length of your answer must correspond to the marks allocated to that question.

---

## SECTION A
### COMPULSORY

### QUESTION 1
### SHORT QUESTIONS

Questions 1.1 to 1.15 are short questions. In your **answer book**, write the number of the question (including the subsection number) and next to it the answer.

1.1 What is the meaning of the word **Gospel**? (2)

1.2 Identify the following people:

1.2.1 He was a tax collector before he became a disciple.

1.2.2 He was known as the beloved disciple.

1.2.3 He prophesied that God would call His Son from Egypt. 2x3=(6)

1.3 Each of the following characteristics can be found in one of the Synoptic Gospels. Identify the Gospel in each case:

1.3.1 It is the shortest Gospel.

1.3.2 This Gospel was probably written by a medical doctor.

1.3.3 This Gospel is written by a Jew for Jews. 2x3=(6)

1.4 Watter Pauliniese brief pas nie as Tronkbrief nie?

A. Titus
B. Filippense
C. Filemon
D. Kolossense
E. Efesiërs (2)

1.5 Verduidelik kortliks wie die volgende persone was:

1.5.1 Teofilus

1.5.2 Nikodémus (4)

1.6 Tydens watter sendingreis van Paulus is die gemeente van **Filippi** gestig? (2)

1.7 Pas die **tema** uit **Kolom B** by die ooreenstemmende **Pauliniese brief** in **Kolom A**. Skryf slegs die korrekte letter langs die nommer neer, byvoorbeeld 1.7.5 G.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.7.1 Romeine | A. 'n Getuigskrif vir 'n weggeloopte slaaf, Onesimus |
| 1.7.2 Efesiërs | B. Christus is die Hoof van Sy Kerk. |
| 1.7.3 Galasiërs | C. Paulus beskrywe die pligte van die ampsdraers in die gemeente. |
| 1.7.4 Filemon | D. Alle mense word geregverdig deur geloof in die Evangelie van Christus. |
| | E. Paulus onderrig die gemeente oor die Wederkoms van Christus. |
| | F. Die geloof in Christus, en nie die Wet nie, maak ons vry. |

(8)

1.8 Waar in die Bybel word die ***Onse Vader***-gebed aangetref? (2)

1.9 Gee die betekenis van die volgende woorde in nie meer as een sin elk nie:

1.9.1 Messias

1.9.2 Algemene Briewe

1.9.3 Amen

1.9.4 Logos (8)

1.10 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

1.10.1 God het Hom onttrek van Sy skepping nadat Hy Sy skeppingswerk voltooi het.

1.10.2 Alles wat God geskape het, was goed.

1.10.3 Jesus het bestaan voordat die aarde geskape is. (6)

1.4 Which Pauline letter does not fit as captivity/prison letter?

A. Titus
B. Philippians
C. Philemon
D. Colossians
E. Ephesians (2)

1.5 Explain briefly who the following people were:

1.5.1 Theophilus

1.5.2 Nicodemus (4)

1.6 During which mission journey of Paul was the church of **Philippi** founded? (2)

1.7 Match the **theme** from **Column B** with a corresponding **Pauline letter** in **Column A**. Write only the correct letter next to the number, for example 1.7.5 G.

| COLUMN A | COLUMN B |
|---|---|
| 1.7.1 Romans | A. A testimony for a runaway slave, Onesimus |
| 1.7.2 Ephesians | B. Christ is the Head of His Church |
| 1.7.3 Galatians | C. Paul describes the duties of the leaders in the church |
| 1.7.4 Philemon | D. People are justified through faith in the Gospel of Christ |
| | E. Paul teaches the church concerning the second coming of Christ |
| | F. Faith in Christ, and not the law, liberates us |

(8)

1.8 Where in the Bible do we find the ***Lord's Prayer***? (2)

1.9 Give the meaning of the following words in not more than one sentence each:

1.9.1 Messiah

1.9.2 General Letters

1.9.3 Amen

1.9.4 Logos (8)

1.10 Indicate whether the following statements are TRUE or FALSE:

1.10.1 God withdrew Himself from the creation after He had created it.

1.10.2 Everything God created was good.

1.10.3 Jesus existed before the world was created. (6)

1.11 Wat is sonde? (2)

1.12 Wat is die gevolge van sonde? (2)

1.13 Watter gebod verbied

1.13.1 die misbruik van God se Naam? (2)

1.13.2 luiheid? (2)

1.14 Wat is die TWEE grootste gebooie wat in Matt. 22:37–40 aan ons gegee is? (4)

1.15 Gee een woord vir God die Vader, die Seun en die Heilige Gees. (2)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [60]**

## AFDELING B
## INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT

Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling. ALLE onderafdelings van die vrae wat jy gekies het, moet beantwoord word.

### VRAAG 2

2.1 Skryf kort paragrawe oor die volgende kenmerke van die Evangelie volgens Lukas:

2.1.1 Die belangrike plek wat gebed in die Evangelie inneem. (8)

2.1.2 Die besondere plek wat vroue in die Evangelie inneem. (8)

2.1.3 Christus se verlossing is vir almal bedoel. (8)

2.2 Uit die volgende aanhalings kom ons meer te wete van die outeur van die Johannes-evangelie. Gee een feit omtrent die outeur wat ons uit elk van die volgende aanhalings kan aflei:

2.2.1 "Daar het ses klipkanne gestaan vir water wat die Jode by hulle reiniging gebruik het. Elkeen het tussen negentig tot 'n honderd liter gehou." (Joh. 2:6)

2.2.2 "Nadat Jesus dit gesê het, het hy met sy dissipels oor die Kedronspruit gegaan. Daar was 'n tuin, en Hy en sy dissipels het daar ingegaan." (Joh. 18.1)

2.2.3 "Net toe het sy dissipels teruggekom en hulle was verbaas dat hy met 'n vrou praat ..." (Joh. 4.27)

2.2.4 "Dit is die dissipel wat oor al hierdie dinge getuienis aflê en dit beskrywe het ..." (Joh. 21:24) 4x2=(8)

1.11 What is sin? (2)

1.12 What are the consequences of sin? (2)

1.13 Which commandment forbids

1.13.1 the misuse (abuse) of God's name? (2)

1.13.2 laziness? (2)

1.14 What are the TWO greatest commandments given to us in Matt 22:37–40? (4)

1.15 Give one word for God the Father, the Son and the Holy Spirit. (2)

**TOTAL FOR SECTION A: [60]**

## SECTION B
## INTRODUCTION TO THE NEW TESTAMENT

Answer TWO questions from this section. ALL subsections of the questions you have chosen, must be answered.

### QUESTION 2

2.1 Write short paragraphs on the following characteristics of the Gospel of Luke:

2.1.1 The importance of prayer in the Gospel (8)

2.1.2 The special role women play in the Gospel (8)

2.1.3 Christ's salvation is for everybody (8)

2.2 We can learn more about the author of the Gospel of John from the following quotations. Give one fact about the author for each quotation.

2.2.1 "Now there were set six water pots of stone, according to the manner of purification of the Jews, containing twenty to thirty gallons a piece." (John 2:6)

2.2.2 "When Jesus had spoken these words, he went out with his disciples over the brook Kidron where there was a garden which He and His disciples entered." (John 18.1)

2.2.3 "And at this point His disciples came, and they marvelled that He talked with a woman…" (John 4:27)

2.2.4 "This is the disciple who testified of these things and wrote these things…" (John 21:24) 4x2=(8)

2.3 Johannes sê self dat sy doel nie was om Jesus se lewensverhaal te skryf nie. Verduidelik wat wel Johannes se doel met sy evangelie was. (6)

2.4 Johannes gebruik die uitdrukking "Ek is" om aan te toon dat Jesus God is.

2.4.1 Waar in die Ou Testament vind ons dat God sy Verbondsnaam "Ek is" openbaar? (2)

2.5 Noem en bespreek die vyf persone in die Nuwe Testament wat Judas genoem word en wat ook moontlik die skrywer van die Algemene Brief van Judas kon wees. (20)
**[60]**

**VRAAG 3**

3.1 Skryf kort paragrawe oor die volgende kenmerke van die Evangelie volgens Markus:

3.1.1 Markus gee 'n baie menslike portret van Jesus. (6)

3.1.2 Die taal en styl van Markus se evangelie. (6)

3.1.3 Markus gebruik Aramese woorde in sy beskrywing van wat Jesus gesê het. (8)

3.2 Skryf 'n kort paragraaf oor die inhoud van die derde brief van Johannes. (18)

3.3 Wat sou na jou mening die gevolge gewees het vir die Kerk indien Paulus nie die Pauliniese briewe geskryf het nie? (6)

3.4 Aan wie is die brief van Jakobus gerig (geskryf)? (10)

3.5 "Paulus moedig Timoteus aan om soos 'n dienaar van Jesus Christus op te tree." Bespreek hierdie stelling kortliks. (6)
**[60]**

**VRAAG 4**

4.1 Verklaar die betekenis van die volgende woorde:

4.1.1 Openbaring (4)

4.1.2 Soewereiniteit (4)

4.2 Skryf 'n paragraaf oor die vertroosting van Sy soewereiniteit soos wat ons dit aantref in Openbaring 1-3. (10)

4.3 Verduidelik hoe die gemeente in Filippi tot stand gekom het. (10)

2.3 John himself says that is was not his aim to write Jesus' life story. Explain what John's aim was with his Gospel. (6)

2.4 John uses the expression "I am" to show that Jesus is God.

2.4.1 Where in the Old Testament do we learn that God revealed His Covenant name "I am."? (2)

2.5 Name and discuss the five people in the New Testament who might have been the author of the letter of Jude or Judas. (20) **[60]**

## QUESTION 3

3.1 Write short paragraphs on the following characteristics of the Gospel of Mark:

3.1.1 Mark gives a very human picture of Jesus. (6)

3.1.2 The language and style in Mark. (6)

3.1.3 Mark often uses Aramaic words in his accounts of what Jesus said. (8)

3.2 Write a paragraph on the contents of the third letter of John. (18)

3.3 What, according to your view, would be the consequences for the Church if Paul did not write the Pauline letters? (6)

3.4 To whom did James address his letter? (10)

3.5 "Paul encourages Timothy to behave in a Christian way." Discuss this statement briefly. (6) **[60]**

## QUESTION 4

4.1 Explain the meaning of the following words:

4.1.1 Revelation (4)

4.1.2 Sovereignty (4)

4.2 Write a paragraph on the consolation (comfort) of His sovereignty, as found in Revelations 1 – 3. (10)

4.3 Explain briefly how the congregation (church) of Philippi was founded. (10)

4.4 Die Nuwe Testament maak melding van vyf persone met die naam van Jakobus. Bespreek die outeurskap van Jakobus volledig. (20)

4.5 Waarom het Judas 'n brief geskryf en wat is die betekenis daarvan vir Christene vandag? (12)
**[60]**

**VRAAG 5**

5.1 Bespreek Paulus se brief aan die Filippense onder die volgende opskrifte:

5.1.1 Paulus se persoonlike omstandighede (8)

5.1.2 Epafroditos (8)

5.1.3 Die stryd tussen Euodia en Sintige (8)

5.1.4 Judaïsers (8)

5.2 Paulus maak in sy brief aan die Filippense duidelik melding van die voorbeeld wat Christus stel. Wat is die hoofkenmerke van hierdie voorbeeld en hoe kan Christene daaruit leer? (10)

5.3 Skryf 'n paragraaf oor die Grootheid en Mag van Jesus se Koningskap soos wat ons dit in Openbaring 1 – 3 aantref. (12)

5.4 Noem DRIE van die hooftemas van die eerste brief van Johannes. (6)
**[60]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [120]**

## AFDELING C
## DIE BYBELSE GRONDSLAG VIR DIE CHRISTELIKE GELOOF EN LEWE

Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling. ALLE onderafdelings van die vrae wat jy kies, moet beantwoord word.

**VRAAG 6**

6.1 Verduidelik wat daarmee bedoel word as daar gesê word dat God alle dinge voorsien, onderhou en regeer. (20)

6.2 Skryf aantekeninge oor die volgende:

6.2.1 Wat leer Paulus en Johannes gelowiges aangaande God se liefde vir die gevalle sondaar? (10)

6.2.2 Die Heilige Gees het goddelike kenmerke. (6)

6.2.3 Die Heilige Gees is 'n Persoon. (10)

4.4 The New Testament mentions five people with the name of James. Discuss fully the authorship of the general letter of James. (20)

4.5 Why did Jude write a letter and what is the meaning of it for Christians today? (12)
**[60]**

**QUESTION 5**

5.1 Discuss Paul's letter to the Philippians under the following headings:

5.1.1 Paul's personal circumstances (8)

5.1.2 Epaphroditus (8)

5.1.3 The quarrelling between Euodia and Syntyche (8)

5.1.4 Judaisers (8)

5.2 In this letter to the Philippians, Paul clearly mentions the example Christ set. What are the main characteristics and what can Christians learn from it? (10)

5.3 Write a paragraph on the Greatness and Power of Jesus' Sovereignty according to Revelation 1 – 3. (12)

5.4 Name THREE of the main themes of the first letter of John. (6)
**[60]**

**TOTAL FOR SECTION B: [120]**

## SECTION C
## THE BIBLICAL BASIS FOR THE CHRISTIAN FAITH AND LIFE

Answer TWO questions from this section. ALL subsections of the questions chosen must be answered.

**QUESTION 6**

6.1 Explain what is meant when we say that God provides, sustains and rules everything. (20)

6.2 Write notes on the following:

6.2.1 What do Paul and John teach Christians about God's love for the fallen sinner? (10)

6.2.2 The Holy Spirit has godly characteristics. (6)

6.2.3 The Holy Spirit is a Person. (10)

6.3 Verduidelik kortliks wat onder die volgende verstaan word:

6.3.1 Die woord **Kerk** (6)

6.3.2 Die Kerk as die liggaam van Christus (8)
**[60]**

## VRAAG 7

7.1 Skryf aantekeninge oor die betekenis van die naam Jesus. (10)

7.2 Bespreek die volgende aspekte van Jesus se vernedering:

7.2.1 Sy kruisiging (10)

7.2.2 Sy dood en begrafnis (10)

7.3 Skryf paragrawe oor die volgende:

7.3.1 Wat word met die Ewige Lewe bedoel? (10)

7.3.2 Die betekenis van Jesus se opstanding uit die dood vir Christene. (10)

7.4 Wat beteken dit vir ons dat Jesus aan die regterhand van God die Vader sit? (10)
**[60]**

## VRAAG 8

8.1 Voltooi die volgende:

"Ek is die Here jou God wat jou uit 8.1.1 ______, uit die plek van 8.1.2 ______ bevry het". (Ex. 20:2) (4)

8.2 Die tweede gebod lui: 'Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak ...' Uit hoofde van hierdie gebod verduidelik die volgende:

8.2.1 Wat is 'n afgod? (6)

8.2.2 Vandag word afgodsbeelde nie meer soos in die verlede aanbid nie, daar bestaan steeds afgode. Noem sommige van die hedendaagse afgode. (8)

8.2.3 Waarom is dit verkeerd om afgode te aanbid? (8)

8.2.4 Watter boodskap het hierdie gebod vir vandag? (10)

8.3 Watter werk verrig die Heilige Gees in elkeen se lewe? (10)

8.4 Geloof bestaan uit kennis en vertroue. Skryf aantekeninge om te verduidelik wat jy onder kennis en vertroue verstaan. (10)

b.o.

6.3 Explain briefly what we understand by the following:

6.3.1 The word **Church** (6)

6.3.2 The Church is the body of Christ (8)
**[60]**

## QUESTION 7

7.1 Write notes on the meaning of the name of Jesus. (10)

7.2 Discuss the following aspects of Jesus' humiliation:

7.2.1 His crucifixion (10)

7.2.2 His death and burial (10)

7.3 Write paragraphs on the following:

7.3.1 What is meant by Eternal Life? (10)

7.3.2 The meaning of Jesus' resurrection for Christians. (10)

7.3 What does it mean to us that Jesus is sitting at the right hand of God the Father? (10)
**[60]**

## QUESTION 8

8.1 Complete the following:

I am the LORD your God, who brought you out of 8.1.1 ______, out of the land of 8.1.2 ______. (Ex. 20:2) (4)

8.2 The second commandment states that "you shall not make any idols …"
On account of this commandment explain the following:

8.2.1 What is an idol? (6)

8.2.2 Today idols are not worshipped as before, but there are still idols. Name some modern types of idols. (8)

8.2.3 Why is it wrong to worship idols? (8)

8.2.4 What is the message of this commandment for today? (10)

8.3 What is the function of the Holy Spirit in people's lives? (10)

8.4 Faith consists of knowledge and trust. Write notes to explain what you understand by knowledge and trust. (10)

8.5 Waarom bid ons ***onse*** Vader en nie ***my*** Vader nie? (4)
**[60]**

**VRAAG 9**

9.1 Die *Onse Vader*-gebed leer ons dat ons God moet vra vir ons daaglikse brood. Verduidelik wat met dié bede bedoel word. (14)

9.2 Bespreek die volgende bedes van die *Onse Vader*-gebed:

9.2.1 "Laat u Koninkryk kom." (10)

9.2.2 "Laat u wil geskied soos in die hemel net so ook op die aarde." (10)

9.3 Bespreek die vyfde gebod: "Eer jou vader en jou moeder onder die volgende opskrifte:

9.3.1 Die gebod eis respek vir alle mense in gesagsposisies. (8)

9.3.2 Hierdie gebod bevat 'n belofte. (4)

9.3.3 Die betekenis van hierdie gebod vir vandag. (8)

9.4 Skryf kort aantekeninge oor die volgende bede van die ***Onse Vader***-gebed: 'Vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree', onder die volgende opskrifte:

9.4.1 Die betekenis van die term **vergewing** (4)

9.4.2 Die rede waarom gelowiges hierdie bede bid (2)
**[60]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [120]**

**TOTAAL: 300**

**EINDE**

8.5 Why do we pray ***our*** Father and not ***my*** Father? (4)
**[60]**

## QUESTION 9

9.1 The *Lord's Prayer* teaches us that we must ask God for our daily bread. Explain the meaning of this petition. (14)

9.2 Discuss the following petitions of the *Lord's Prayer*:

9.2.1 "Thy kingdom come." (10)

9.2.2 "Thy will be done on earth as it is in heaven." (10)

9.3 Discuss the fifth commandment: 'Honour your mother and father' under the following headings:

9.3.1 This commandment demands respect for all authority. (8)

9.3.2 This commandment contains a promise. (4)

9.3.3 The meaning of this commandment for today. (8)

9.4 Write short notes on the following petitions of the ***Lord's Prayer***: 'Forgive us our trespasses as we forgive them that trespass against us' under the following headings:

9.4.1 The meaning of the term **forgiveness** (4)

9.4.2 The reason why believers are praying this petition (2)
**[60]**

**TOTAL FOR SECTION C: [120]**

**TOTAL: 300**

**END**